Wet op Munisipale Eiendomsbelasting

Dit raak u!

CITY OF TSHWANE
"we are the same"

Wie dit mag aangaan

INLIGTING VERLANG VAN EIENAARS VAN DEELTITELEENHEDE

Die Stad Tshwane gaan op 1 Julie 2008 sy nuwe belasting kragtens die Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 (Wet 6 van 2004), instel. Belasting sal op die totale markwaarde van 'n eiendom gehef word en nie soos vantevore op die grondwaarde alleen nie. Die markwaarde van alle eiendom insluitend deeltiteleenhede sal bepaal word op grond van huidige markdata en data van transaksies wat by die Aktekantoor geregistreer is.

Volgens die Wet is munisipale belasting op 'n deeltiteleenheid nou betaalbaar deur die eienaar van die eenheid; 'n munisipaliteit sal nie meer die belasting op 'n deeltiteleenheid of enige deel van so 'n belasting van die bestuursliggaam wat die deeltitelskema beheer, verhaal nie, behalwe wanneer die bestuursliggaam die eienaar is. **Alle eienaars van deeltiteleenhede moet daarom hul inligting verskaf sodat die Stad Tshwane die korrekte rekening vir elke deeltiteleenheid kan opstel.**

Die vorm wat by hierdie kennisgewing aangeheg is, is vir hierdie doel ontwerp en moet ingevul word en die Stad Tshwane nie later as 30 April 2008 bereik nie. Alle inligting sal streng vertroulik hanteer word.

Die tydige indiening van die inligting sal verseker dat die eienaar elke maand die korrekte rekening ontvang. Indien 'n nuwe rekening nie geskep is nie en die eienaar van die deeltiteleenheid wil die eiendom verkoop, sal die oordrag van die eenheid na die koper vertraag word. Voorts kan bepaalde eienaars van deeltiteleenhede aanspraak maak op goedgekeurde kortings, soos die pensioenariskorting. Die presiese bedrag van uitsonderings, kortings, verminderings, hulptoelae en ander steunmaatreëls van die Stad Tshwane sal egter eers tydens die jaarlikse begrotingsproses in Mei bepaal word.

As u enige verdere navrae het, skakel asseblief vir Suzette Visser by 012 358 8516 tydens kantoorure of stuur aan haar 'n e-pos by stu@tshwane.gov.za.

Dankie vir u samewerking. U deelname sal 'n noodsaaklike rol in die suksesvolle implementering van die proses speel.

Die uwe

Andile Dyakala
UITVOERENDE DIREKTEUR: BELASTINGBESTUUR

INLIGTING OOR DEELTITELEENHEID	
DEELTITELSKEMA	
Naam van beheerliggaam	
Nommer van deeltitelskema	
Straatnaam en -nommer	
Voorstad en poskode	
Posadres en -kode	
Bestaande belastingrekeningnommer	
DEELTITELEENHEID	
Kamer-/ woonstel-/deurnommer*	
Deeltiteleenheidnommer**	
Vloeroppervlak	
Deelnemingskwota	
***Kamer- of woonstelnommer soos dit fisies op die deeltiteleenheid verskyn ** Nommer van die deeltiteleenheid soos by die Aktekantoor geregistreer**	
EIENAAR PERSOONLIKE EIENAARSKAP	
Van	
Volle naam/name	
Identiteits- of paspoortnommer	
Werktelefoonnommer	
Huistelefoonnommer	
Selfoonnommer	
E-pos-adres	
Posadres en -kode (vir rekening)	
Bestaande munisipale kontrakrekeningnommer (indien beskikbaar)	
EIENAAR BESIGHEIDSEIENAARSKAP (BV TRUST, BK, MAATSKAPPY)	
Naam van besigheid	
Registrasienommer	
Posadres en -kode	
Werktelefoonnommer	
Alternatiewe nommer	
E-pos-adres	
Bestaande munisipale kontrakrekeningnommer (indien beskikbaar)	

Voltooide vorms moet na Suzette Visser by 086 634 4859 gefaks word, of kan per e-pos na haar gestuur word by stu@tshwane.gov.za. Heg asseblief 'n afskrif van die eienaar se identiteitsdokument aan.